# MAAGD VAN DIE SEE REEKS

## 2. Skat onder die Palms



MEIRING FOUCHE

# SKAT ONDER DIE PALMS

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - PUBLISEERDERS

Strand Mews Strand

2025

**SKAT ONDER DIE PALMS**

Die voorblad illustrasie vir die Maagd van die See-reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

SKAT ONDER DIE PALMS
deur Meiring Fouche

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Simon Verbeeck, ’n ervare seevaarder met ’n reputasie vir onverskrokkenheid, word onverwags ingetrek in ’n gevaarlike soektog na ’n legendariese skat. ’n Geheim, gefluister in die doodskaduwee van ’n gevangenis kerker, lei hom na die verlore fortuin van die Santa Rosa, ’n skip vol rykdom wat spoorloos verdwyn het. Maar hierdie skat lok meer as net goud want dit lok ook die aandag van ’n genadelose seerower, Duiwel Harrison, ’n man wie se wreedheid slegs deur sy hebsug oortref word.

Verbeeck se soektog ontaard in ’n desperate stryd om oorlewing, ’n kat-en-muis-speletjie teen die meedoënlose Harrison. Gevang en gemartel, moet Verbeeck sy innerlike krag vind, bygestaan deur ’n groep onwaarskynlike bondgenote, ’n groep seerowers, oorblyfsels van ’n verslane bemanning, en ’n enigmatiese “Barmhartige Samaritaan” wie se geheime bystand hoop te midde van die duisternis aanwakker. Te midde van die gevaar ontvou ’n onverwagte romanse. Prinses Dolores, ’n gevangene van Harrison met ’n wil so sterk soos haar skoonheid, bevind haar in ’n netwerk van verraad en opoffering saam met Verbeeck. Hulle gedeelde begeerte na geregtigheid en vryheid bind hulle saam terwyl hulle die pad vorentoe trotseer.

Verbeeck word gekonfronteer met onmoontlike keuses. Sal hy die skat onthul om sy medegevangenes te red? Of sal hy Harrison uitoorlê en diegene beskerm wat hy liefhet? Soos die verhaal tot ’n opwindende kragmeting kom, word die grense tussen geregtigheid en wraak vervaag. Waar sal Verbeeck se lojaliteit lê? Wat is die ware identiteit van die Samaritaan? En sal die skat van die Santa Rosa uiteindelik lei tot verlossing, of slegs verdere bloedvergieting? Vind die antwoorde in “Skat Onder die Palms,” ’n verhaal van moed, verraad en die krag van hoop te midde van die mees desperate omstandighede.

## UITTREKSEL

Duiwel Harrison steek sy vingers deurmekaar en kyk met ’n soort snedige minagting na die groot seevaarder voor hom.

“Verbeeck,” sê hy, “jy moet jou leuens in jou sak steek. Hoe dink jy, waarom het ek jou laat skaak? Dink jy ek het jou aan boord gebring omdat ek maar net dink dat jy weet waar die skat van Santa Rosa is? Nee, ek het jou aan boord gebring omdat jy weet en omdat ek weet jy weet. Die gevangene Arie Zeeman het jou gesê waar daardie skat is.”

“Hy het my niks gesê nie,” antwoord Simon. Hy weet dat hy hierdie seerower op elke draai en elke hoek moet bedrieg, anders sal sy lewe nie ’n stuiwer werd wees nie.

Hy sien hoedat die woede in Duiwel Harrison se oë opgroei. Hoedat hy sy vuiste op die kaarttafel sluit.

“Jy is nog nie uitgeslape genoeg nie, Verbeeck,” sê die seerower. “Jy is nie so slim as wat hulle graag vertel nie.” Toe glimlag hy byna medelydend. “Jy sien, jy was nie die eerste man wat Arie Zeeman in sy kerker gaan besoek het nie. Die man wat hom eerste gesien het, was ’n afgevaardigde van my. Ek het ’n man daarheen gestuur onder die voorwendsel dat hy ’n broer van Zeeman is. Hulle het hom toegelaat. Maar Zeeman het geweier om die geheim aan hierdie man te openbaar. Hy het geweier om sy rug te ontbloot. En weet jy wat het Zeeman gesê? Zeeman het gesê dat daar net een man op aarde is aan wie hy die geheim sal openbaar en dit is Simon Verbeeck.”

Simon kry ’n koue gevoel deur hom, ’n gevoel wat sy hele groot liggaam laat lam voel. Praat die seerower nou die waarheid of bedrieg hy hom?

# 2. SKAT ONDER DIE PALMS
## Hoofstuk 1
### SEEROWER IN TAFELBAAI?

Seevaarder Simon Verbeeck en sy twee metgeselle, Wilhelm Rieckert en John Tobey, stap gekrom teen die sterk suidoostewind in die Heerengracht na sy woonhuis.
Hulle is in ’n vrolike stemming, want die Kaapse weer is aangenaam. Hulle het nou al drie maande lekker gerus en nou tintel die sug na avontuur weer in hul are.
“Nou ja, kêrels,” sê Simon Verbeeck, “die Maagd van die See is nou weer gereed om uit te vaar.”
“Waarheen sal die reis wees?” wonder Wilhelm Rieckert hardop.
John Tobey, wie se tong deur ’n seerower uitgesny is, maak ’n wye gebaar met sy arms asof hy daarmee wil beduie dat die volgende seereis van die Maagd van die See al die oseane sal insluit.
Simon Verbeeck voel byna lighoofdig van vreugde en vooruitsig. Hy het sy pronkvaartuig die afgelope drie maande hier in Tafelbaai noukeurig herstel en nagesien. Die seile is weer nuut, die maste is geolie en die aanpaksels van baie maande se reis is weg geskraap. Sy bemanning is goed gevoed en goed geklee en alles is reg vir die volgende avontuur van hierdie beroemde man wat die sewe see deurkruis op soek na seerowers en ander rampokkers.
In hom stoot ’n gevoel van tevredenheid op toe hy dink aan die donker oë van sy vrou Maria in hul huisie bo in die Heerengracht. In hierdie paar maande het Simon Verbeeck ook vir hom die huis aangeskaf. In die verlede het hy geen tuiste gehad nie, behalwe die see en die dek van sy vaartuig, Maagd van die See.
Maria het hom op baie van sy reise vergesel, maar nou voel hy dat sy ’n plek moet hê waar sy moet woon. En die beste plek vir hom en vir haar is in die hawe van Tafelbaai. Hier sal sy veilig wees, hier kan sy haar vriende maak, en hier sal altyd ’n huis op hom wag wanneer hy van die see af terugkeer.
Dit is net toe Simon en sy twee vrolike maats by die huis kom, net toe hulle uit die straat wil uitswaai na die voorstoep toe, dat ’n gekromde man met ’n lang en verwaarloosde baard en ’n houtbeen en ’n ou

seemansabel langs sy heup, hulle voorkeer. Dit is reeds skerp skemer, want hulle het nadat hulle die Maagd van die See verlaat het, eers by ’n herberg aangegaan en ’n paar snappies gedrink. In die skemering lyk die man vir hulle soos ’n bedelaar. Simon vererg hom en probeer by die kêrel verby tree, maar die man neem hom aan die mou en bring hom tot stilstand.

“Net ’n oomblik, heer Simon Verbeeck,” sê hy met ’n wankelrige, pieperige stemmetjie.

“Wie is jy en wat is jy?” vra Simon. Sy stem is sterk en diep.

“Vergewe my,” sê die man wat reeds meer as middeljarig is, “maar ek wil met u ’n paar woorde spreek, Simon Verbeeck. Wie ek is en wat ek is, dit kom nie daarop aan nie. Ek is ’n seeman wat deur die see uitgegooi is.”

Hy staan ’n paar tree opsy en wink vir Simon om hom te volg. Simon beduie vir sy twee makkers om maar die huis binne te gaan waar die lig reeds vriendelik wink.

In die skaduwee van die jong eik staan Simon en die vreemdeling teenoor mekaar, terwyl John Tobey en Wilhelm Rieckert die stoep opstap en nuuskierig oor die skouers kyk om te sien wat dan nou daar onder gebeur.

“Waaroor wil jy praat?” vra Simon. “As jy iets te sê het, sê dit gou, want ek is op pad na my aandmaal.”

“Simon Verbeeck,” sê die man, “jy ken my nie, maar ek ken jou. Ek weet dat jy een van die mees onverskrokke seevaarders op aarde is. Daarom het ek na jou toe gekom. Ek wil hê jy moet na die kasteel gaan.”

“Na die kasteel?” vra Simon en hy frons in die toenemende donker en die stygende wind.

“Ja, na die kasteel,” sê die vreemdeling. “Dit is belangrik, Simon Verbeeck, want hier in die kasteel wag een van die grootste geheime van jou lewe op jou.”

“Waarvan praat jy, man,” vra Simon. “Wat moet ek in die kasteel gaan soek? Die kasteel is ’n vesting en ’n gevangenis en ek hou nie van gevangenisse nie.”

Die vreemdeling in sy gehawende klere staan dieper onder die skaduwee van die jong eik in. Simon kan hom nou skaars sien. Hy is op sy hoede en hy bly op ’n klein afstand van die indringer af.

“Het jy al gehoor van die man Arie Zeeman?” kom die stem deur die donker.
“Arie Zeeman?” vra Simon. “Dit is asof ek my iets wil herinner van so iemand. Is dit... is dit dan nie...?”
“Dit is korrek,” sê die vreemdeling. “Arie Zeeman is die man wat deur die Goewerneur ter dood veroordeel is omdat hy ’n man in die hawe doodgeslaan het.”
“Nou goed,” sê Simon, “wat het ek met hierdie man te doen? Hy is ’n moordenaar en hy gaan sterf. Ek verstaan dat hy binne ’n paar dae opgehang sal word. Waarom kom pla jy my met so ’n man?”
“Luister na my, Simon Verbeeck,” sê die vreemdeling, “luister goed na my woorde. Moenie haastig of ongeduldig raak nie. Jy moet Arie Zeeman gaan sien. Jy moet hom vanaand gaan sien. Jy moet hom alleen gaan sien,”
“Om wat te maak?” vra Simon ongeduldig. “Wat moet ek by ’n moordenaar gaan soek?”
“Laat hy ’n moordenaar wees,” sê die vreemdeling, “maar hy is ook die draer van ’n groot geheim.” Sy stem kom sagter tot Simon, sag en dringend, met ’n gloeiende erns daarin. “Arie Zeeman,” sê die kêrel, “beskik oor een van die grootste geheime van die see. Daardie geheim moet jy ontdek, Simon Verbeeck, voordat Arie Zeeman sterf. Ek smeek jou. Moenie my woorde vir die wind gooi nie. Gaan en doen soos ek sê. Gaan na die kasteel en vra hulle om jou toe te laat om Arie Zeeman te spreek.”
“Hulle sal my nie toelaat nie,” sê Simon, “kyk hoe laat is dit.”
“Hier aan die Kaap,” sê die man, “sal hulle jou enige ding toelaat, want jy is Simon Verbeeck. En jy mag nie toelaat dat Arie Zeeman sterf voordat jy met hom gepraat het nie. Ek smeek jou, Simon Verbeeck. Ek smeek jou uit die naam van die see. Belowe my jy sal gaan. Belowe my dit, Simon.”
Simon twyfel daar waar hy staan. Hy weet nie wat om te dink van hierdie voorstel van ’n vreemdeling wat hom sommer hier langs die Heerengracht in die harde suidoostewind voorgekeer het en so met hom praat nie. Dalk is die man sommer net ’n fortuinsoeker. Dalk is hy een van daardie mense wat party van sy varkies kwyt is. Maar hy kan ook nie ontsnap aan die indruk dat die man ernstig is nie. Hy kan nie ontkom

aan die indruk dat daar ’n besondere drang in die man se woord is nie.
“En hierdie geheim?” vra Simon, “wat is dit?”
“Nee,” antwoord die vreemdeling, “dit moet jy van Arie Zeeman hoor. Ek is nie geregtig om dit aan jou te sê nie, want ek ken nie die geheim nie. Al wat ek weet, is dat Arie Zeeman dit ken. Hy was deel van daardie geheim, Simon Verbeeck, en as jy toelaat dat Arie Zeeman sterf voordat jy daardie geheim by hom ontvang het, dan sal jy nie waardig wees om ooit weer op die see uit te gaan nie. Ek is ’n eenvoudige man, ek is ’n behoeftige man. Maar jy moet my woord neem, Simon. Jy moet my woord neem dat ek die see en sy geheime liefhet. Al doen ek niks anders nie, dan wil ek sê dat hierdie geheim aan jou toevertrou word voordat Arie Zeeman sterf. Wat sê jy, Simon Verbeeck? Wat sê jy, man van die see?” Dit het nou heeltemal donker geword en daar is ’n wilde ruising van die blare van die eikeboom. Simon Verbeeck soek na die man se gesig, soek na sy beeld, so verwaarloos en verslete, maar hy vind dit nie. Toe kyk hy na die vriendelike lig uit die huis. Deur die venster sien hy sy Maria beweeg, haar hare glimmend in die lig.
Toe, na ’n lang ruk, sê hy. “Ek sal gaan. Ek sal nog vanaand met Arie Zeeman gaan praat.”
Hy word bewus van beweging in die donker en toe voel hy hoedat die man sy hande vasgryp. Hy kry die geur van ou drank, van vodde en van ’n liggaam wat nie skoon is nie.
“Ek dank jou, Simon Verbeeck,” sê die man. “Ek dank jou omdat jy sal gaan. Maar soos ek jou gesê het, jy moet alleen gaan en jy moet vanaand gaan.”
“Ek sal dit doen,” sê Simon. “Ek sal Arie Zeeman gaan opsoek.”
Toe hoor hy die skuifelende beweging en nog voordat hy weer kan praat, besef hy dat die man by hom verby gestryk het en dat hy wind af oor die straat beweeg. Vaagweg sien hy die figuur en hy verwonder hom aan hierdie vreemde verskynsel. Aan ’n man wat so onverwags gekom het met so ’n onverwagte mededeling en wat dan weer net so onverwags verdwyn.
Diep ingedagte stap die seevaarder sy stoep op na die voordeur en gaan binne.
Toe Simon binnekom, sit Maria net die groot sopkom op tafel neer. Sy glimlag verwelkomend vir haar man en Simon kyk waarderend met ’n

groot teerheid na haar donker skoonheid.
“En toe, my man,” vra Maria, “wat het die vreemdeling, waarvan Wilhelm Rieckert my vertel het, te sê?”
Simon sien hoedat Wilhelm en John Tobey nuuskierig na hom kyk.
Hy kom verder binne, soen vir Maria op haar wang, snuif aan die geurige wasem van die boontjiesop met die varkspek daarin en toe sê hy ligweg.
“Die snaakse vreemdeling het my gevra om vanaand ’n besoek te gaan aflê."
“’n Besoek?” vra Maria. “By die Goewerneur?”
Simon lag sodat sy groot liggaam skud. “Nee, nie by die Goewerneur nie,” sê hy, “maar by die kasteel.”
“By die kasteel?” vra Wilhelm Rieckert en sit vorentoe op die kis waar hy plaasgeneem het.
“Ja,” sê Simon, gaan na die drinkvaatjie in die hoek en skink vir hulle elkeen ’n beker wyn uit die wingerde van die Goewerneur. “Hierdie man vra my om na die kasteel te gaan en ene Arie Zeeman te gaan opsoek.”
“Maar hy is tog die veroordeelde,” sê Maria. “Hy is die moordenaar!”
“Dit is reg,” antwoord Simon, “hy sal seker oor ’n paar dae opgehang word.”
“Nou, wat moet jy daar gaan doen?” vra Wilhelm.
“Nee,” sê Simon, “die vreemdeling weet te vertel dat Arie Zeeman ’n groot geheim van die see het. ’n Geheim wat aan my toevertrou moet word voordat Zeeman sterf!”
“Wat se geheim?” vra John Tobey op vingertaal. Simon trek sy groot skouers op.
“Dit weet ek nie, John. Die vreemdeling wou nie sê nie.”
“Jy moet versigtig loop, Simon Verbeeck,” waarsku Wilhelm Rieckert. “Jy moet jou nie aan die neus laat lei deur enigeen wat jou sommer in die straat voorkeer nie.”
“Ja,” sê Maria, en sy druk onwillekeurig met haar hande op haar wange, “ek dink jy moet dit liewer laat vaar, my man. Wat se danige geheim kan hierdie moordenaar hê?”
“Wel, ek weet nie,” sê Simon. “In elk geval, ek het die man beloof om te gaan. Hy het my gevra om alleen te gaan en om vanaand nog te gaan.

Ek het belowe dat ek dit sal doen. Ek glo dat hy eerlik is en ek glo dat hy geen bybedoelings met my het nie. Kom ons sit aan."

Hulle drink, hulle eet en hulle gesels vrolik. Maar so deur die vrolikheid is daar 'n sweem van spanning. Telkens word Simon daarvan bewus dat Maria op 'n eienaardige manier na hom kyk en wanneer hy John Tobey en Wilhelm Rieckert in die oë kyk, dan sien hy daarin 'n waarskuwing, 'n onrus en 'n onsekerheid.

Dit laat hom sterk en seker voel. Wanneer Simon Verbeeck andere sien twyfel, wanneer hy andere sien vrees, dan voel hy altyd kragtig, seker van homself, moedig. En die mededeling van die vreemdeling prikkel hom steeds meer. Sê nou daar is waarlik 'n geheim van die see? Hoe kosbaar kan dit nie vir hom wees nie, nie in terme van geld of juwele nie, maar in terme van avontuur, gevaar, moed, dapperheid. Dit is waarvoor hy gebore is, vir gevaarlike avontuur, vir die goeie daad te midde van al die rampokkery op die see.

Hulle het hul wyn gedrink, hulle het hul kos geëet en hulle is net besig om van Maria se voortreflike koffie te drink toe die voordeur oopvlieg en Simon se buurman, Jan de Swardt, ingevlieg kom en die deur vinnig agter hom toedruk. Sy hare is verwaai. Jan de Swardt is 'n amptenaar in diens van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie.

"Ja, Jan," sê Simon hartlik, "ek is bly die suidooster het jou 'n slag hier ingewaai."

Jan lag en stoot sy deurmekaar hare reg. "Ja," sê hy. "Jy is maar net so skaars, Simon Verbeeck."

"Wat is die nuus?" vra Simon onderwyl Maria vir Jan de Swardt koffie aanbied.

"Ek kom hoor of julle iets weet van die skip?" vra Jan de Swardt.

"Skip?" vra Simon, "wat se skip?"

"'n Vreemde skip op die hoogte van Robbeneiland," sê Jan. "Het julle hom nie gewaar nie?"

"Ons was tot laat so besig aan die Maagd van die See," antwoord Simon, "dat ons nie veel tyd gehad het vir rondkyk nie. Wat dan van hierdie skip?"

"Die hele Kaap lê daarvan vol," sê Jan. "Blykbaar 'n groot skip wat daar lê. Stewig geanker, die seile gevou."

"Maar waaroor dan teenoor Robbeneiland?" vra Wilhelm Rieckert.